Ps. 148: 1, 5 Gods Woord en ons Gawes. Potch. 1 Sept. 1957.
Ges. 29: 2, 4. 2 Kor. 8: 1–15 VB Dankfees
" 91

1 Kor. 16: 2 – Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate hy voorspoed is, sodat die insameling nie eers plaasvind as ek kom nie.

Ons het hier te doen met een v. d. skuteluitspreke in Gods Wd. i. v. m. ons offergawes vir die diens van God. Hoewel dit geskrywe is deur Paulus as raadgewing aan d. gemeente van Korinte i. v. m. d. hulle offergawes vir d. arm Xtene v. Jerusalem, bevat dit tenseefdertyd baie belangr. beginsels vir d. Kerk van alle tye. // Die gemeente en gelowige wat soek om daarvolgens te handel word dan ook verbasend geseën d word self tot seën. // En waar gemeentes + gelowiges Gods Wd. hierin nie gehoorsaam nie, bly die seën uit – by hulle d word hulleself ook nooit tot 'n seën nie. //

Daarom is dit so nood. dat ons moet: wat sê Gods Wd. ~~ab~~ in hd. saak aan ons. Veral van belang om nie net alleen ons gesindheid te bepaal nie, maar ook ons gawe self. Ons moet te luister na ons daai u/m ons biddend + aandagtig wat God deur 1 Kor. 16: 2 aan ons wil meedeel:

I. Die Doel van ons Gawes: Op d. oog hier was d. gawes en bydraes v. d. gemeente in Korinthe nodig om d. arm Xtene in Jerusalem te help te kom. En tog was dit nie d. einddoel nie – nee: die behoefte in Jerusalem was wel die aanleiding, maar d. doel is iets baie groter!

Dieselfde misverstand en wanopvatting bly nog voortleeme u/d ander Christene Xtene wat bly meen dat hulle gawes uiteens moet gaan vir een of ander spes. doel. Dan word baiekeer gesê „Ons dra by vir ons gemeente; ons wil graag hê dat die inkomste

v. d. gemeente goed moet wees". Ander weer sê: „Ons geld gaan vir die bou van 'n Kerk of saal". Of: „Ons onderhou 'n sending in die buiteland". Of: „Ons gee vir d. armes en ones van daar"

Nou wel waar dat ons gawes moontlik vir een of meer van hd. sake gebruik word, maar dit behoort nooit d. doel v. ons gee te wees nie! Want ons gee

(1) Tot eer & verheerliking v God: Alles wat ons aanbid of werk moet ons gee & doen, alles wfin ons aanbid of werk moet ons doel voor oë hê, om God te eer. Daarom sê Paulus ook in hd. selfde Kor. brief (1 Kor. 10:31) – „Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking v God". En sê Jesus Christus nie self: „Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik"?

Moet dit alles ons nie help om gedurig te onthou dat ook wat ons gee in geld en goed, gee ons eerstens vir die Here & sy Koninkryk en nie vir 'n gemeente, 'n gebou, 'n sendingveld, 'n arme nie?

(2) Tot heil v. Xtus se Kerk: As ons eers (1) gevat het, dan volg (2) vanself: want ~~=~~ d. eer van God is afhanklik dat sy Kerk op aarde, sy liggaam sal floreer en bloei. Daarom moet ons altyd gee met d. tweede oogmerk: dat dit die Kerk van Xt. Jesus kan help om sy taak te volbring! Want die wêreld oordeel God volgens sy Kinders, en Gods Koninkryk volgens Xtus se Kerk!

→ Het u al so daaraan gedink? Dat alles wat u offer aan God (tyd, talentes, kragte, gawes) u dit offer & moet offer tot eer & verheerliking van God en tot heil van Xtus se Kerk?

II. Die Motief by ons Gawes: Hier in ons teks is 'n klein woordjie waarby ons geneig is om baie gemaklik verby te glip: „Moet". Paulus sê aan 'n gemeente wfv die grootste getal armoedig & behoeftig was: „Julle moet" Hierdie moet is egter nie 'n moet van Paulus, d. mens nie, dis God se moet deur Paulus aan sy Kerk! Dis 'n goddelike moet, 'n Koninklike bevel, 'n onomstootlike opdrag: julle moet! Dis 'n ander ~~Waar vandaan sê Paulus dan: julle moet~~?

soort moet as die bevele wat ons as mense aan mekaar gee. Dis 'n moet van God self om aan ons duidelik te maak dat ons geroepe word om te gee uit louter dankbaarheid vir al d. seëninge wfmee God ons oorlaai van dag tot dag! Sal ons u net 'n oomblik d. vensters oopskuiwe dat u oë iets van al Gods seëninge kan sien & bewonder?

1) ~~Geest.~~ Tydel. seëninge: Het u al 'n stukkie papier geneem en vir 'n halfuur gaan sit en al u seëninge & voorregte op tydel. gebied probeer neerskrywe? Het u al gedink aan u gesondheid, u familiekring, u vriende, u inkomstes, u land & sy rykdom, u tuin of plaas & sy opbrengs, die feit dat u 'n stuk eie grond het ens?

Indien u lysie kort bly, wil ons u vra: ~~het~~ met ~~wat~~ wie vergelyk – hulle wat meer of minder het as u?

2. Geest. seëninge:

– Paulus in 1 Kor. 15: roem d. ~~heerlikheid~~ wonder van Xtus se opstanding & d. heerlikhd v.d. ewige lewe wat wag! ~~En dan~~ (1 Kor. 15: 55-58) En dan skielik val hy as 't ware uit d. hemel in d. kollektebordjie: 1 Kor. 16:1 – „Wat die insameling vir die heiliges betref" Om te wys: die grond van al ons tydel. seëninge lê in d. geestelike voorregte: God – Xtus – H. Gees – Woord – Kerk – genade – verlossing – heiligmaking!

III Die Metode by ons Gawes: Noukeurig & volledig die alg. beginsels van Christ. milddadigheid hier aangedui:

(1) Sistematies: Elke week moet d.d. offerandes opsy gesit word en gebring word. [illegible] 'n vasstaande, gereelde offerdaad wees, soos eet & drink & slaap & werk & bid. Hier geen willekeurige saak van: „ek gee wanneer ek so voel nie" — God is 'n God van orde en reël — en juis in sy kerk wil Hy dat elke gelowige dit sal betoon & beoefen! Daarom veroordeel God alle sporadiese skenkings v.d. kant van Xtene: „O ja, ek ~~kan~~ [illegible] darem nou ook meer iets vir d. Kerk te gee"!

(2) Persoonlik: „Elkeen van julle self" — Dus selfs d. armste, ook d. slawe wat lede v.d. gemeente was — niemand oorgeslaan nie! Elke lidmaat, dus ook elke dooplidmaat (tot d. kleinste kind) moet help bydra & gee. Ons moet kinders v. jongs af leer — maar hoe kan ons leer as ons self nie gee nie?

(3) Proporsioneel: „Opsy sit en opspaar (= om 'n skat op te gaar) namate julle voorspoed" Watter regverdige God het ons! Kyk nie na hoeveel ons gee nie, maar hoeveel ons terughou!

(4) As deel van ons aanbidding: „Op d. eerste dag v.d. week" = rusdag, sabbatdag, Gods dag! Vaste beginsel in breeë Xt. Kerk: Koll. & offergawes deel v.d. erediens — want daar kan geen aanbidding van God wees sonder offerande aan God!
→ Daarom dit nog dat koll. nie by deure nie. as deel v. erediens: alle gawes daar!

Dan God ons seën!

(Volg. Sondag: Die Seëninge v. Soeke Gawes)